

5 November 2009  
Jaargang 2 – Uitgawe 39

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Korrupsie kan nie geregverdig word nie...

Die president van die Wêreldbank, mnr Robert Zoellick, beskryf korrupsie as 'n ...*kanker wat van die armes steel, wat goeie regering en moraliteit ondergrawe, en vertroue vernietig.*

'n Paar maande gelede het die ouditeur-generaal in 'n spesiale verslag bekend gemaak dat staatsamptenare meer as 'n half miljard rand uit tenders gemaak het wat aan eggenote en familielede toegeken is. Meer as 2 000 amptenare het ook ondernemings bedryf en sowat R610 miljoen verkry deur korrupsie transaksies en die omseiling van tenderregulasies.

Korrupsie is nie 'n nuwe begrip in Suid-Afrika nie, maar 'n algemene tendens waarmee regerende partye vóór en ná 1994 geworstel het en steeds worstel. Dit is 'n algemene kommerwekkende begrip wat daagliks weergalm vanuit die parlement tot by die publiek op straat. Natuurlik is dit ook 'n wêreldwye probleem wat in sekere lande só endemies is dat dit al 'n algemeen aanvaarde beginsel is. Korrupsie is nie uniek aan Suid-Afrikaanse regeringsamptenare nie, maar kom ook voor in die private sektor.

Die ironie is egter die paradoks waarin Suid-Afrika homself bevind. Digby 75% van die land se bevolking word beskou as Christene, en tog floreer korrupsie op alle vlakke van die samelewing. Selfs die kerk word nie oor die hoof gesien nie. Daagliks beleef lidmate die bitter seer van korrupsie in die sakewêreld en in hul persoonlike lewe as gevolg van bedrog, die wanaanwending van openbare of privaatsektorgeld, omkoperij, onregverdige bevoordeling, ensovoorts.

Nadenkend besef 'n mens met skok dat daar ook *gelowige* mense is wat hulle skuldig maak aan korrupsie. Wanneer korrupsie gepleeg word, blyk dit dat *gelowige* mense aan 'n algehele geheueverlies of geloofsverlies lei en hul etiese waardes en norme doelbewus onderdruk vir eie gewin. As voorbeeld stel minister Trevor Manuel, na die buitensporige aankoop van 'n duur motor, in die parlement: *I'm saying forgive me father for I have sinned, whoever you may be father. For now, I have sinned; I have made an error of judgment. Let's live with it. Period!*

Dit stuit jou teen die bors wanneer jy, as medegelowige landsburger, besef dat daar 'n arrogante korrupsiekultuur is wat deur verskeie vlakke van die samelewing aangehang en dikwels geregverdig word. Ongeag agtergrond, kultuur, velkleur of geloofsoortuiging, blyk korrupsie 'n kitsoplossing vir selfsugtige begeertes van mense te wees. Selfs God moet daarmee vir lief neem en vrede maak met die feit van sonde en foutiewe oordeelsvermoë: *Let's live with it. Period!*

Vanuit 'n Christelike geloofsoortuiging kan korrupsie nie geregverdig word deur afgewaterde en oppervlakkige geloofsuitsprake wat aangebied word as verskoning nie. Daar moet 'n radikale hartsverandering van opregte berou plaasvind in die persoon wat om vergifnis smeek. Dit geld vir elke gelowige, wat uitgelok word deur 'n aanloklike korrupsiekultuur, om selfondersoek te doen oor sy/haar doen en late van elke dag. Die uitdaging vir die Kerk en elke lidmaat is om gehoor te gee aan die Bybel se oproep in Romeine 12: 2: *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

Ds Rudy Denton  
Potchefstroom-Studente





# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

## Vakante standplaas

**Gemeente Glencoe** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 120 belydende lidmate, waarvan die meerderheid in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Daar is nie baie jong kinders in die gemeente nie, alhoewel daar uitstekende hoër- en laerskole in die dorp en omgewing is. Die gemeentegrense loop wyd na al die kante toe, en sluit heelwat plaaswyke in, in die rigting van Newcastle, Ladysmith en Vryheid. Die verste besoekpunt is ongeveer 40 km vanaf Glencoe. Glencoe het 'n ryk geskiedenis, 'n matige klimaat en besondere natuurskoon. Daar is 'n groot pastorie beskikbaar.

Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan **voor 15 November 2009** 'n CV stuur na Posbus 110, Glencoe 2930, [komzani@vodamail.co.za](mailto:komzani@vodamail.co.za) of [Ansie.Fourie@kzndoe.gov.za](mailto:Ansie.Fourie@kzndoe.gov.za). Kontak Johann du Plessis by 082 496 5830, Vossie Fölscher by 083 345 3406, of Ansie Fourie 082 393 8558 vir meer inligting.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Oud-ouderling Pieter Roos**, welbekend in kerklike kringe, is verlede Vrydag oorlede. 'n Roudiens vind op Vrydag 6 November om 10:00 by Gemeente Wonderboom-Suid plaas. Die Kerk se meeleding gaan aan sy naasbestaandes.
- 'n Bekende lidmaat van die gemeente in Bulawayo, **Giel van Vuuren**, is verlede week oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou en kinders. Verskeie predikante het dikwels by dié gesin tuisgegaan. **Dr Wilhelm Coetzer** was op pad om die begrafnis te lei, maar moes by die lughawe in Johannesburg omdraai nadat hy van sy handbagasie beroof is. **Ds Barrie Oberholzer**, predikant van Messina/Van Warmelo, moes daarna inderhaas per motor na Bulawayo om die begrafnis te gaan waarneem. Groot waardering word teenoor dié twee predikante betuig vir die aandag wat hulle aan die Van Vuuren-gesin verleen het.
- **Prof Biëks Beukes** se dienstydpark as brugpredikant by **Gemeente Durban-Suid** het amptelik geëindig, maar die kerkraad van Durban-Suid het aansoek by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gedoen dat prof Beukes vir die volgende drie maande sy werk as pastorale hulp in die gemeente voortsit. Die lidmate van Amanzimtoti het besluit om van Gemeente Durban-Suid af te stig, 'n selfstandige gemeente te vorm en 'n predikant te beroep. Die gedagte om 'n kombinasie tussen Amanzimtoti en Durban-Suid te bewerkstellig, het ongelukkig nie gerealiseer nie.
- Die gemeentes **Waterval Boven en Dullstroom** het besluit om te kombineer. Die gemeentes gaan eersdaags 'n predikant vir die kombinasie beroep. Die predikant van die kombinasie sal waarskynlik in Belfast woon en vandaar ook die lidmate van Waterval Boven bearbei.
- Die Ringskommissie van **Bothaville** het onlangs met die Moderamen gesprek gevoer oor die situasie in die ring, maar veral rondom die gemeentes in die Goudvelde. Dié gemeentes is steeds besig om te verklein weens die sluiting van myne, wat meebring dat baie lidmate die gebiede verlaat. Die Kommissie van die AKV sal saam met die Ringskommissie beplan om die situasie in die ring te verbeter.
- Die kombinasie **Ruskoppies/Joachim Prinsloo** sal eersdaags 'n predikant beroep. Die twee gemeentes het mekaar die hand gereik om saam te werk om die bediening in dié gebied so effektief moontlik te laat geskied.
- Alle **beroepafwagende predikante** moes voor die einde van Oktober aansoek doen om behoud van hul ampsvoorreg, soos die Kerkorde bepaal. Die Kommissie van die AKV sal die verslag oor die aansoeke van die beroepafwagende predikante by sy vergadering op 12 en 13 November behandel. Verslae van Ringskommissies oor die beroepafwagende predikante in die ringsgebied sal ook dan hanteer word.
- Rondom die **bediening in Zambië** sal die Kommissie van die AKV 'n memorandum by sy vergadering op 12 en 13 November hanteer waarin die betrekkinge tussen die *Dutch Reformed Church of Zambia* (DRCZ) van Lusaka en die DRCZ van Nkana duidelik beskryf word. **Ds Piet Rautenbach** is tans die Hervormde Kerk se predikant in Gemeente Nkana.
- **Die volgende predikante verjaar van 6 tot 13 November**, en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 6 November: Di Thys Redelinghuys en Wikus van der Merwe
  - Saterdag 7 November: Di Fanie Beukes en Dirk van Rooyen
  - Maandag 9 November: Ds Hannes Wolmarans
  - Woensdag 11 November: Di Adriaan Roets en Kobus van der Merwe
  - Vrydag 13 November: Ds Innes Benadé



- 'n Lidmaat van Gemeente Grimbeekpark in Potchefstroom, **Louis Muller**, het vroeër vanjaar die boekie **Gedagtes uit die hart** saamgestel. Dit bevat kort refleksies oor die lewe, die ouderdom en die Woord van God. Die boekie kan van die skrywer bestel word, by 083 377 8090 of 018 297 0741, teen R35 per eksemplaar.
- Die **NHSV** het **mev Leoné Papp**, lidmaat van Gemeente Benornyn en vrou van ds Kálmán Papp, as verteenwoordiger van die NHSV Hoofbestuur by die Bybelgenootskap benoem.
- Die Kuratorium wag vir nominasies vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** tydens die komende AKV in 2010. Alle rade van die Kerk is versoek om nominasies te doen. In 1970 is die Erepenning vir die eerste keer toegeken, aan prof HP Wolmarans. In 2007 is dit aan prof Andries van Aarde en prof Theuns Dreyer toegeken. Die Erepenning is reeds aan 19 predikante toegeken.
- Die Kommissie van die AKV sal by sy vergadering op Vrydag 13 November gesprek voer met lede van die **Raad vir Apostolaat** na aanleiding van 'n skrywe van **dr Koos Engelbrecht**, ouderlinglid van die Kommissie, oor die apostolaat en missionale bediening. Al die vroeë wat by Kommissielede bestaan en wat ook geopper is tydens 'n vergadering van die Kommissie van die AKV, sal dan ter tafel geneem word in die hoop dat dit deur lede van die Raad beantwoord kan word.
- Lede van die **Raad vir Regsadvies** voer op Donderdag 12 November met die Kommissie van die AKV gesprek oor 'n aantal voorstelle rakende **ordinansiewysigings**. Veral wysigings rondom Ordinasie 8, wat die dissipline van die Kerk raak, en die gepaardgaande reglement, sal aandag geniet. Aangesien die tyd vir die afhandeling van die Agenda vir die AKV van 2010 vinnig besig is om te nader, het die Kommissie dit goedgevind om die gesprek met die Raad te voer ten einde die wysigings so gou moontlik te finaliseer.
- Die Direksie van die **Kinderhuise van die Hervormde Kerk** is verantwoordelik vir 'n grensgeval **gestremde dogter van 20 jaar** wat woonagtig is in 'n tehuis vir gestremde persone en beskutte arbeid verrig in 'n soortgelyke werkwinkel op die perseel. Die werkwinkel sluit op 11 Desember 2009 en open weer op 4 Januarie 2010. Gedurende hierdie tyd sal hulle graag die dogter by 'n gesin wil plaas. Sy kan gesprekke voer, en help graag met voorbereiding van voedsel en opruiming. Sy is selfversorgend in die tehuis. Ons is dringend op soek na **twee gesinne** wat haar in hul huise kan inneem vir die tydperke **11 Desember tot 23 Desember 2009**, en **24 Desember 2009 tot 3 Januarie 2010**. Vir meer besonderhede, skakel dr Jan Oberholzer by 082 851 1081 of mev Marié van Niekerk by 012 322 8885.

## Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- Op **Sondag 8 November** vier **Gemeente Johannesburg-Wes** die ingebruikneming van hul kerkgebou 60 jaar gelede op 12 November 1949. Die gebou is steeds in gebruik en dien tans as die kerksaal. 'n **Wydingsdiens** is vir **Sondag 8 November** gereël en sal deur ds Johann Marnewick, die huidige predikant, waargeneem word. Die bekende Pretoriase orrelis Harry Jonkers sal as gasorrelis optree. Die diens begin om 09:00 en alle oudlidmate is welkom. Die kerkgebou is naby die Westdenedam geleë, in Tenbystraat, Westdene. Kontak die skriba, Paul Bester, by 011 673 4347 of 083 241 5002 of **paumar@telkomsa.net** vir meer inligting.
- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** 'n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle 'n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.
- **Gemeente Sionspoort** word op 26 November **10 jaar oud**. Op Sondag 22 November word 'n **spesiale dankdiens** gehou, op **Vrydag 27 en Saterdag 28 November** vind 'n **feesbasaar en Kersmark** plaas, en op **Sondag 29 November** word die feesvieringe afgesluit met 'n **Kerssangdiens** om 19:00 (*Pelgrims op pad na Betlehem: 'n Reisverhaal*) met Richard van der Westhuizen as gaskunstenaar. Navrae kan gerig word aan 082 464 1547.

## Konserte en damesbyeenkomste

- **Gemeente Philadelphia** bied op **Donderdag 26 November** 'n **Oujaarskouspel** in die Aula van die Universiteit van Pretoria aan. Bekende kunstenaars soos Jak de Priester, Charl du Plessis, Mauri Mostert, Vivere, Music Affair, Henry van Dyk en Steve van Deventer tree op, en daar sal 'n Elvis-verrassing wees. Kaartjiepryse wissel van R80 tot R160. Kontak Carina Jonker by 072 212 3202 of Sussa van Staden by 082 789 8771.
- Die **Piet Potgieter Monumenttehuis** het wense, soos 'n kamerastelsel vir hul Alzheimerafdeling, die verfraaiing van hul sitkamer waar die inwoners gaste ontvang, en noodsaaklike en dringende restourasiewerk aan hul gebou, maar daar is net nooit voldoende fondse nie. Daarom gaan die **vier Hervormde gemeentes in Polokwane**, in samewerking met die Randburgse Mannekoor en die plaaslike groep Marcato, 'n grootse poging aanwend om dié wense waar te maak. Op **Saterdag 28 November** gaan hulle saamkuier en saamsing vir slegs R80 per persoon. Gaan geniet die aand saam met hulle, maak u harte en hande oop vir 'n baie goeie saak. Donasies sal veral waardeer word. Kontak Annatjie Sandrock by 015 295 5464, 072 356 7189 of **annatjiesandrock@gmail.com**.



## Kampe en toere

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer 'n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Die koste is R1 900 per persoon. **Di Thomas Dreyer (082 552 9394) en Petri van Rooyen (083 662 2804)** vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.
- Alle voornemende (en senior) Maties word uitgenooi om die **Eerstejaarskamp** by te woon, net voor die begin van die universiteitsjaar. Die kamp vind plaas van **Saterdag 9 tot Woensdag 13 Januarie**, en is 'n geleentheid om mede-Hervormers en die kampus te leer ken en vriende te maak. Stuur asseblief jul kontakbesonderhede aan ds Chris le Roux by 082 905 0818 of 021 887 2685, of per e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za**.
- **ALLE** studente wat volgende jaar by enige instansie in Pretoria kom studeer, is welkom om die **Eerstejaarskamp** saam met die studente van **Gemeente Philadelphia** by te woon. Bring 5 vriende saam en **ky** kamp **verniet**. Dit vind plaas **van 9 tot 14 Januarie 2010** by Kwaggasruskampterrein (net buite Brits, Gauteng). Vir meer inligting, kontak Rina by 072 416 8768.
- Ds Rudy en Terzie Denton van **Gemeente Potchefstroom-Studente** verwelkom by voorbaat al die nuwe eerstejaars! **Van Dinsdag 12 tot Vrydag 15 Januarie 2010** vind hul **Eerstejaarskamp** plaas by Serube Sa Phakwe, 45 km vanaf Potchefstroom. Kontak ds Rudy by 018 294 3509, 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**, of Terzie by 082 475 4618. Hulle moet teen Dinsdag 5 Januarie 'n aanduiding hê van hoeveel mense gaan kamp. Bespreek dus betyds jou plek, want net 150 inskrywings kan geakkommodeer word.
- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.
- Nog 'n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Vaalpark** se **9de jaarlikse gholfdag** vind op **Vrydag 6 November** in Meyerton plaas. Die koste is R150 per speler, baanfooie en 'n ligte aandete ingesluit. Verskeie pryse kan ook gewen word. Vir meer inligting, kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455.
- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Piet Potgieter** in Mokopane bied 'n **somerjaggeleentheid** aan, met verblyf vir 6 in Tumuga Hunting se jagkamp. Kaartjies is teen R50 beskikbaar by 082 821 6873 of 015 491 6313. Die wenner word op **14 November** aangewys tydens die gemeente se Kersmark.
- **Gemeente Stellenbosch** beskik oor gerieflike **woonstelle**, toegerus vir 4 persone (en een groot woonstel vir 6 persone) in 'n stil deel van Stellenbosch. Veilige parking, beddegoed en breekgoed word verskaf. Die koste is slegs R330 per nag (R400 vir die groter woonstel). Daar is ook enkele klein woonstelletjies met slaapplek vir twee, vir slegs R200 per nag, hoewel dit baie klein is. Kontak die gemeente op Dinsdae- en Donderdae-oggende by 021 886 6209, of andersins by 082 905 0818.
- **Gemeente Springs-Oos** bied 'n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van 'n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel. Die gemeente se **feesalbum** is beskikbaar en kan bestel word van die skriba, oudl Retha Laubscher, by **rethalaubscher@gmail.com** of 083 475 1962. Die album kos R180 per eksemplaar (plus posgeld).
- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.



## Basaars en markte

- Die **NHSV Warmbad** bied op **Saterdag 7 November** hul jaarlikse **Kersmark** aan op die kerkterrein in Ludorfstraat. Kontak Amanda Liebenberg by 014 736 2615 of Suzi van Dyk by 083 310 4943 vir meer besonderhede.
- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg Kersmark**. Om 07:00 word 'n groot plaasontbyt bedien terwyl die Dolcè Chix-groep die gaste met hul musiek gaan vermaak. Om 11:00 begin die veiling met goedere vir klein en groot! Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.
- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.
- **Gemeente Bloemhof** hou op **Saterdag 5 Desember Kersmark** met verskeie uitstallers. Kontak Helen Herholdt by 053 433 1222 of 079 377 5008.
- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie 2010** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besondere inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Heerlike gesinsvermaak word beplan en verskeie maroelaprodukte sal uitgestal en te koop wees, soos velsorgprodukte, verskeie geregte om aan te proe, maroelareseptebouke en vele meer. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.

## ANDER NUUS

- **Beeld-Kinderfonds** hou op **Woensdag 25 November** om 19:30 **Kerskonsert** in die gebou van die NG Kerk Moreletapark. Die kunstenaars tree gratis op as hul bydrae tot die Fonds. Die Hervormde Kerk is 'n lidkerk van Beeld-Kinderfonds. Die program bestaan uit geestelike en Kersmusiek, en die kaartjies is beskikbaar teen R60, R75, R110 en R150. Bespreek by **iTicket.co.za** of 0861 000 291.
- **Doulos se Kersfunksie** word vanjaar aangebied op **Saterdag 5 Desember** by die Silwer Valke Rugbyklub in Silverton, Pretoria. Dit gaan in die vorm van 'n **karnaval** wees waar gemeentes, instansies, individue en groepe **potjiekos en rys** voorberei vir **30 mense** elk. Baie dankie vir die kerke wat reeds potjiekos aangebied het – die teiken van 43 potjies is byna bereik om die nagenoeg 1 000 mense vir die dag kos te gee! Verder verskaf Doulos koeldrank, water, eetgerei, pannekoek asook die vervoer van die mense vanuit die nedersettings na die funksie en terug. Daar sal ook mense wees wat gaan sing, poppekas vir die kinders, pamperslangsalonne, boeresport en 'n vertoning van die Polisie se hondeafdeling! Doulos benodig egter nog 'n paar items:
  - Geskenke vir tieners (200) en bejaardes (150)
  - Nagereg vir die dag – jellie en vla, of enige vorme of geure waaraan mens kan dink (1 000)Kontak Heleen Huyser van Doulos Armoedebediening by 082 443 8874 of **huyserh@sapo.co.za**.
- **Kom toer saam met Konteks**. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van dr Hennie van Deventer na die Natalse Middellande. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

## Belangrike vergaderings

- Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergaderings- en lokale.
  - Vrydag 6 November: Raad vir Kerk en Wêreld; Komitee vir Etiese Sake; Komitee vir Kerk en Teologie; NHSV Dagbestuur
  - Maandag 9 November: Direksie van *to care*
  - Dinsdag 10 November: Voortgesette Toerustingskursus (VTT)
  - Woensdag 11 November: VTT
  - Donderdag 12 November: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 13 November: Kommissie van die AKV
  - Saterdag 14 November: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV)



## KOMMENTAAR

“Suid-Afrika is een van ’n paar lande wat die inisiatief geneem het met die projek, of deel is daarvan, naamlik om kinderpornografie waarop ’n mens per ongeluk afkom, aan te meld by die webtuiste [www.fpbprochild.org.za](http://www.fpbprochild.org.za). Ek dink dit is belangrik dat almal daarvan bewus is. Hulle belooft om die saak verder op te neem en terugvoer daarvoor te gee. Dankie vir die puik artikel op verlede week se voorblad, Charmaine!”

**Ds Paula Eksteen, Midrand**

“Baie dankie vir die voorbladartikel van dr Charmaine Fourie. Dit is beslis so dat kinders wat sulke ervarings beleef, erge trauma ervaar wat op verskeie maniere in hul lewens manifesteer. Die organisasie *Straatwerk* in Kaapstad is juis besig met ’n grootskaalse bewusmakingsprojek, *Waardevol vir Jesus* (WVJ), wat by skole en/of gemeentes aangebied word en spesifiek daarop gerig is om kinders teen sulke misdrywe te beskerm deur hulle bewus te maak van hul waarde in Christus Jesus; dat daar wel hulp is, indien hierdie goeters reeds met hulle gebeur het, en hoe om jouself *hoorbaar* te maak – hetsy as beskerming of in ’n poging om hulp te soek. Die persoon wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die koördinering van die WVJ-projek is Madri Bruwer (021 930 8055) by *Straatwerk*. Kinders is geskenke van God, daarom mag ons nie toelaat dat Satan hulle vir sy gruweldade misbruik nie!”

**Christel Botes, NGK Merweville**

## AGTERBLAD

### Staatmakers in elke huis

**Publikasies kom en gaan, maar sommige werke bly staatmakers in elke huis.**

Twee van die Hervormde Kerk se beste verkopers is die Diensboek en die Lidmaatboek.

Die nuwe **Diensboek** het in Oktober 2008 verskyn. Die betekenis van die verskillende handeling en die logiese verloop van die erediens word in een deel toegelig. Verder word die logiese verloop van die tie in die Kerkjaar bespreek en aangedui hoe die tema van ’n bepaalde tyd, naas die preek, ook visueel en met bepaalde liedere uitgebeeld kan word. Die belydenisskrifte is nie in die Diensboek opgeneem nie. Laasgenoemde sal apart uitgegee word nadat dit nuut vertaal is deur die verskillende kerke. Die belydenisskrifte is wel beskikbaar op die Kerk se webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za).

Tydens die amptelike bekendstelling van die nuwe Diensboek vroeër vanjaar, het prof Theuns Dreyer gesê dat dit ’n nuwe fase in die eredienste in die Kerk inlui en dat daar nou ’n veel groter verantwoordelikheid op die predikant rus om meer aandag te gee aan die liturgie van elke erediens. Hy het ’n beroep gedoen op kerkraadslede en lidmate om meer te wete te kom oor die liturgiese ordes in die erediens. Die Diensboek kan onder meer met vrug gebruik word by Bybelstudiegeleenthede.

Die nuwe **Lidmaatboek** het ’n vars, nuwe voorkoms, met ruimte vir foto’s van die lidmaat se doop, kategese, openbare geloofsbelofte en huwelik. Die uitleg en sketse is gedoen deur mej Francis Coertse van SENTIK.

Die boekie is so saamgestel dat ’n lidmaat dit selfs *terugwerkend* kan benut. Daar bestaan vir baie lidmate, oud en jonk, foto’s wat geneem is rondom geleenthede soos doop, kategese, openbare geloofsbelofte en huwelik. Bring hierdie ou foto’s aan op die toepaslike plek in die nuwe Lidmaatboek. Ander gegewens is beskikbaar uit die betrokke gemeente se doop- en lidmaatregister. Hierdie Lidmaatboek is nie net vir nuwe dopelinge nie, maar kan deur almal in die Kerk benut word.

Die publikasies is by SENTIK beskikbaar – die Diensboek teen R50 (posgeld uitgesluit) en die Lidmaatboek teen R35 (posgeld uitgesluit). Bestel van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).

Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Subredakteur: Ds André Ungerer  
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius  
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx